Teorie en praktyk van die digkuns in 'n era van aardgas
(Vir die meesters van Shell, 'n boodskap uit Suid-Afrika)

Nie dat daar selfs in die digkuns 'n oomblik
van nul-eksploitasie bestaan waar die maker
by die stil soet mimosa sit, haar skadu gehang
aan halfwoestynklankies, haar spoeg ingesluk
voor 'n plakkie, 'n klip, 'n sandakkedis,
nie dat sy anderkant Laingsburg haar woorde
toevee onder skaliegruis alvorens sy adelwipagtig
waterpas kom met die dun pers lyn van die horison
om vanagter die mistieke ooglid
die ek-lose vonkswart son te aanskou – nee,
die drang tot kleim en ontginning
kan die meeste poëte ewemin keer
as opelyf of 'n ereksie. Poësie dien 'n territorium,
en is gevat in refreine soos skil turksvyskil,
soos been sybokneusbeen, soos die ruil
van sout en velle by die koöp of die roep
van die vuurneknaguil in die kerkhof van Tarkastad.
In hierdie tampende niet, geheet die Karoo
waar agterstand eindig in bloeiselspronge,
revolusies, Meyer se Beaufort-Wesgesigte,
'n komeet-reën oor die eskarp by Sutherland
vat ek my drewel van jambes en breek
die geskiedenis vir Jan Willem Eggink
uit die kelders van oorsaaklikheid –
naas binnehuisversiering is poësie ook 'n wapen.
Jou naamgenoot, Jan, die een van sestien twee-en-vyftig,
het ter wille van kruidnaels sy slawe onder die VOC-loep
omgedop soos toktokkies en hulle ledemate afgeskeur.
Vervolgens kon, deur dié koloniale voorsortering,
Verwoerd drie eeue later sy fascisme insaai soos varkmasels.
(Vir wat het julle die hoflike Swartskoen
nie daar anderkant gehou nie? Uit 'n blou stoel
in Den Haag kon hy Wilders help pleit vir kopdoekbelasting,
of, weet ek veel, oogkwarantyn vir Toearegs.)
Daarna in die tagtigs het julle apartheidslemoene
en kolonie-argiewe sonder fatsoen
in die Keizersgracht gesmyt en drie
dekades later is julle met harde oë terug
vir gas, die liksens gesmeer uit die palms
van staatskleptokrate wat lumpenprolete in dosyne
laat platskiet voor 'n platinumskag.
Nie dat daar 'n oomblik sonder fraktuur
bestaan waar die digters swyend in die stil rooi stof
van die dageinde sit by 'n vetplant, 'n klip, 'n sandakkedis –
ons ydelheid verhoed dit, ons radbraak ons sinne
om jou aandag te kaap. Net soos daardie eerste godvergete
Jan
weet jy de fok nie wat jy hier begin nie, boetie.
In die emalje aandlug van Spes Bona, sestig myl anderkant
Cradock waar godgloeiend geel met rooi gestriem jou
jakobskulp sy intog bo die garingbome maak, vra ek:
het jy in dié warmlugballon hiernatoe gesweef gekom
uit jul olievelde in die Niger-delta? Kon jy goeie hoogte
kry van hoe dit lyk waar julle besig was?
Die vuurspuwende gras? Die olie-lanferende rivier?
Fantoomwoude mangliet waar petrolslange
in die hakskeen pik? Stel jou voor julle het dit probeer doen
op die Vinkeveense plas! Ek vra: gaan julle hier ook julle
spioene die kabinet inknoei soos in Nigerië?
Jy hoef slegs 'n Lexus, 'n Rolex, 'n goue stewel
aan te bied, lughartig soos Van Riebeeck lint en krale
aan die Khoi, en jou kop is deur, hulle sal jou Tafelberg
op 'n dienblad gee as jy betaal vir eksplorasietorings,
geen stroom of berg het hier nog himen.
Let op: langs my sit die gees van Kenule Saro-Wiwa,
hy rook sy klein swart pyp. In 'n sagte lispelende Ogoni
wat ek net half verstaan dikteer hy die storie
van Karololo Kogbara aan dié wat uit die laaste rein
grondwater van gewete briewe wil skryf vir Beatrix.
Jy begryp, Jan Eggink, hý het die stem,
ek het die skrif, die herkenning.

Marlene van Niekerk

(11 November 2011)